41

Korporatiewe bestuur en volhoubaarheid

KORPORATIEWE BESTUUR EN VOLHOUBAARHEID

INLEIDING

Aangesien korporatiewe bestuur en volhoubaarheid noodsaaklik is vir belanghebbendes van die Naspers-groep, is dit die direksie se strewe om die sake van die groep met integriteit te bedryf. Die direksie is verbind tot toepaslike korporatiewe bestuursbeleid en -praktyke in elke maatskappy in die groep.

Naspers is 'n multinasionale media-entiteit met bedrywighede in Afrika, Suid-Amerika, Asië, Europa en die VSA. Sy primêre notering is op die JSE Beperk (JSE). Die maatskappy is dus onderhewig aan die noteringsvereistes van die JSE, die riglyne wat vervat is in die King-verslag oor korporatiewe bestuur vir Suid-Afrika van 2002 (King II), asook wetgewing van toepassing op openbare genoteerde maatskappye in Suid-Afrika.

Onafhanklike direksies, wat almal hul eie bestuurspraktyke en subkomitees saamgestel het wat, soos van toepassing op die maatskappye, aan die nodige bestuurs- en regulatoriese vereistes voldoen, beheer verskeie van Naspers se filiale.

In 2007 het die maatskappy besluit om sy Amerikaanse deposito-aandele (ADA's) van NASDAQ te denoteer en sy registrasie van die ADA's by die SEC (Securities and Exchange Commission) in die VSA te beëindig. Naspers het sy Amerikaanse Depositobewys-program (ADB-program) in 'n Vlak I ADB-program omskep. Sy aansoek het ook geslaag om sy ADA's op die Londense effektebeurs (LSE) te noteer. Vlak I ADB's word in die VSA op 'n oor-die-toonbank-basis (ODT) verhandel. Internasionale beleggers kan dus Naspers-sekuriteite deur die Vlak I ADB-ODT, die LSE of die JSE koop en verkoop.

Naspers is in die derde kwartaal van 2007 op die LSE genoteer. Aangesien dit 'n sekondêre notering is, hoef Naspers nie aan die korporatiewe bestuursvereistes, soos uiteengesit in die sogenaamde "Combined Code" van die Verenigde Koninkryk, te voldoen nie. Sekere noteringsvereistes van die LSE moet egter nagekom word.

Voldoening aan beide die JSE- en toepaslike LSE-noteringsvereistes word deur die oudit-en-risikobestuurskomitee van die direksie gemonitor. Gedurende die vorige boekjaar het Naspers ook aan die vereistes van die Amerikaanse Sarbanes-Oxley-wet van 2002 voldoen. Hoewel daar tans geen verpligting is om hierdie wet na te kom nie, sal die beleid en prosedures vir interne beheer wat ingestel is om daaraan te voldoen, behou word, waar van toepassing.

Die direksie se oudit-en-risikobestuurskomitee, mensehulpbronnekomitee en nominasiekomitee speel 'n sleutelrol in goeie korporatiewe bestuur. Die groep gebruik onafhanklike eksterne adviseurs om regulatoriese ontwikkelings, plaaslik en internasionaal, te monitor sodat die bestuur aanbevelings oor korporatiewe bestuursake aan die Naspers-direksie en die direksies van beduidende maatskappye in die groep kan voorlê.

VERBETERINGS IN DIE AFGELOPE JAAR EN PLANNE VIR DIE KOMENDE JAAR

Die direksie volg 'n proses om die rol en doeltreffendheid van die direksie en die voorsitter, asook die doeltreffendheid van die onderskeie direksiekomitees, op 'n jaarlikse grondslag te evalueer. 'n Selfevaluering van die oudit-en-risikobestuurskomitee fokus onder meer op die kernbevoegdhede van hierdie komitee. Filiale wat hul eie ouditkomitees het, volg dieselfde praktyk. Die nominasiekomitee is in die jaar as 'n aparte komitee gevestig (voorheen was dit met die mensehulpbronnekomitee gekombineer).

Filiale het verdere stappe gedoen om deur middel van toepaslike opleidingsinisiatiewe hul onderskeie kodes vir sake-etiek te vestig.

Verklikkergeriewe bestaan by die meeste van die beduidende plaaslike en internasionale filiale waar dit toegelaat word. Dit stel werknemers in staat om onetiese gedrag in die werkplek anoniem aan te meld.

Die beplanning van en verslagdoening oor die groep se korporatiewe maatskaplike beleggings is hersien.

In die komende boekjaar sal Naspers voortgaan om terreine te evalueer waar bestuur op 'n korporatiewe vlak en binne filiale versterk kan word. Die implikasies van die nuwe voorgestelde Maatskappywetsontwerp in Suid-Afrika, asook die King III-kode oor korporatiewe bestuur (tans onder hersiening), sal ook ontleed word en gepaste stappe sal gedoen word.

VOLDOENINGSVERKLARING

Die noteringsvereistes van die JSE vereis dat JSE-maatskappye verslag lewer oor die mate waarin hulle voldoen aan die beginsels vervat in King II. Die direksie is, na sy beste wete en oortuiging, van mening dat die maatskappy gedurende die

onderhawige tydperk deurgaans die beginsels van King II toegepas het.

Hoewel die direksie van mening is dat die maatskappy aan die toepaslike bestuursvereistes voldoen, besef hy dat praktyke en prosedures altyd kan verbeter en derhalwe word vordering op 'n jaarlikse grondslag geëvalueer.

DIE DIREKSIE

Samestelling

Die besonderhede van die direkteure op 31 Maart 2008 word op bladsye 52 en 53 van hierdie jaarverslag uiteengesit.

Naspers het 'n unitêre direksiestruktuur wat 'n toesighoudende sowel as 'n kontrolerende funksie vervul. Die direksie het 'n reglement wat 'n duidelike verdeling van verantwoordelikhede aandui. Die meerderheid direksielede is nie-uitvoerende direkteure wat onafhanklik van bestuur staan om te verseker dat niemand oor onbeperkte besluitnemingsmag en -gesag beskik nie. Dit verseker dat aandeelhouersbelange beskerm word. Hierbenewens is die rolle van die voorsitter en besturende direkteur geskei om 'n duidelik omskrewe verdeling van verantwoordelikhede te verseker. In dié boekjaar was 'n waarnemende uitvoerende hoof aan die stuur. Na die jaareinde is mnr Koos Bekker weer as uitvoerende hoof en besturende direkteur in die direksie aangestel. Mnr Boetie van Zyl is die leidende direkteur in alle sake wat nie deur die onafhanklike nie-uitvoerende voorsitter gehanteer word nie.

Op 31 Maart 2008 het die direksie uit tien onafhanklike, nie-uitvoerende direkteure en een uitvoerende direkteur bestaan, soos omskryf in die noteringsvereistes van die JSE. Vyf direkteure (45%) kom uit voorheen benadeelde groepe, en twee direkteure (18%) is vroue. Hierdie syfers is bogemiddeld vir JSE-genoteerde maatskappye.

Die voorsitter

Die voorsitter is 'n onafhanklike, nie-uitvoerende direkteur. Hy gee leiding aan die direksie in die geheel en verseker dat die direksie doeltreffend, gefokus en as 'n eenheid werk. Hy tree as fasiliteerder by direksievergaderings op om 'n vloei van menings te verseker en poog om, in belang van goeie bestuur, besprekings tot optimale resultate te lei. Hy verteenwoordig die direksie in eksterne kommunikasie, in oorleg met die besturende direkteur en die finansiële direkteur.

Die besturende direkteur

Die besturende direkteur doen verslag aan die direksie en is verantwoordelik vir die daaglikse bedryf van die groep en die uitvoer van beleid en strategieë wat deur die direksie goedgekeur is. Uitvoerende hoofde van die onderskeie sakeondernemings help met hierdie taak. Gesag wat deur die direksie aan die bestuur toegesê is, word deur die besturende direkteur in ooreenstemming met goedgekeurde gesagsvlakke gedelegeer.

Aanstellings in die direksie

Die direksie het 'n beleid aanvaar oor prosedures vir die aanstelling en oriëntering van direkteure. Die nominasie-komitee beoordeel van tyd tot tyd die vaardighede van nie-uitvoerende direkteure in die direksie en besluit of daardie vaardighede aan die maatskappy se behoeftes voldoen. Jaarlikse selfbeoordelings deur die direksie en sy subkomitees help ook hiermee. Direkteure word uitgenooi om te help met die identifisering van potensiële kandidate. Die lede van die nominasiekomitee, wat almal onafhanklik is, stel geskikte kandidate vir oorweging deur die direksie voor. 'n Evaluering oor die geskiktheid en gepastheid van elke kandidaat word gedoen.

Uittrede en herkiesing van direkteure

Alle nie-uitvoerende direkteure is elke drie jaar onderhewig aan uittrede en herverkiesing deur aandeelhouers. Voorts is alle nie-uitvoerende direkteure in die geval van 'n tussentydse aanstelling onderhewig aan verkiesing deur aandeelhouers, by die eerste gepaste geleentheid. Die name van nie-uitvoerende direkteure wat vir verkiesing of herverkiesing voorgelê word, word vergesel van verkorte biografiese besonderhede (sien bladsye 52 en 53 van hierdie jaarverslag) om aandeelhouers in staat te stel om 'n ingeligte besluit oor hul verkiesing te neem. Die heraanstelling van nie-uitvoerende direkteure geskied nie outomaties nie.

Oriëntering en ontwikkeling

Daar is 'n induksieprogram vir nuwe lede van die direksie en van sleutelkomitees, wat spesifiek aangepas word by die behoeftes van die aangestelde individue. Die program behels bedryf- en maatskappyspesifieke oriëntering, insluitend vergaderings met senior bestuur soos toepaslik, om 'n begrip van bedrywighede te verseker. Direksielede word ook blootgestel aan die hoofmarkte waarin die groep bedrywig is. Die maatskappy-sekretaris help die voorsitter met die induksie en oriëntering van direkteure, en reël spesifieke opleiding, indien nodig.

Die maatskappy is ook verbind tot die voortgesette ontwikkeling van direkteure om hulle te help om hul kundigheid uit te brei en begrip van die ondernemings en die hoofmarkte waarby die groep betrokke is, te ontwikkel.

Botsings van belange

Naspers het 'n amptelike kode aanvaar oor die bestuur van potensiële botsings van belange. Dit verseker dat kandidaatdirekteure en bestaande direkteure geen belangebotsings tussen hul verpligtinge teenoor die maatskappy en hul private sake het nie. Enige belang in kontrakte met die maatskappy moet amptelik openbaar gemaak en gedokumenteer word. Direkteure moet ook by 'n amptelike beleid hou ten opsigte van die verhandeling van sekuriteite van die maatskappy en sy genoteerde filiale.

Onafhanklike advies

Individuele direkteure mag, in oorleg met die voorsitter of die besturende direkteur, op die maatskappy se koste onafhanklike professionele advies inwin oor enige saak wat verband hou met die uitvoering van hul pligte as direkteure.

Rol en funksie van die direksie

Die direksie het 'n reglement aanvaar waarin sy verantwoordelikhede uiteengesit word. Buiten ander verpligtinge moet die direksie:

- die maatskappy se missie bepaal, strategiese leiding aan die maatskappy verskaf en verantwoordelikheid dra vir die aanvaarding van strategiese planne en die toepassing van waardes ter ondersteuning daarvan
- die jaarlikse sakeplan en die begroting wat deur die bestuur opgestel is, evalueer en goedkeur
- volle en effektiewe beheer oor die maatskappy behou, en bestuur monitor met betrekking tot die uitvoering van die goedgekeurde jaarlikse begroting en sakeplan
- die besturende direkteur of uitvoerende hoof aanstel, wat aan die direksie verslag doen, en toesien dat opvolging beplan word
- die maatskappy se finansiële state, tussentydse en voorlopige verslae goedkeur, en verantwoordelikheid dra vir die integriteit en aanbieding daarvan
- die maatskappy en die groep se lewensvatbaarheid op 'n lopendesaak-grondslag evalueer
- die maatskappy se kommunikasiebeleid vasstel
- die keuring, oriëntering en evaluering van direkteure bepaal
- toesien dat die maatskappy toepaslike prosedures vir risikobestuur, interne beheer en regulatoriese nakoming volg en toereikend met aandeelhouers en ander belanghebbendes kommunikeer
- direksie-subkomitees met duidelike opdragte en verantwoordelikhede stig, soos toepaslik
- die gesagstruktuur vir spesifieke sake bepaal, en die vereiste vlakke van gesag aan die direksie se subkomitees en bestuur delegeer
- nie-finansiële aspekte rakende die maatskappy se sake monitor
- die betaling van dividende aan aandeelhouers oorweeg en, indien toepaslik, verklaar, en
- die prestasie en doeltreffendheid van die direksie en sy subkomitees gereeld evalueer.

Direksievergaderings en -bywoning

Die direksie vergader gereeld, minstens elke kwartaal, asook wanneer spesifieke omstandighede dit vereis. Die dagbestuur/uitvoerende komitee skenk aandag aan dringende sake wat nie tot die volgende vergadering kan wag nie, soos deur die direksie gedelegeer. Die direksie het die afgelope boekjaar vyf keer vergader. Die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure vergader minstens een keer per jaar sonder die besturende direkteur, finansiële direkteur en voorsitter om die prestasie van hierdie individue te bespreek.

Die maatskappysekretaris tree as sekretaris vir die direksie en sy subkomitees op en woon alle vergaderings by. Besonderhede van bywoning van die vergaderings is ingesluit in die tabel op bladsy 54 van hierdie jaarverslag.

DIREKSIEKOMITEES

Hoewel die direksie verantwoordelik en aanspreeklik bly vir die prestasie en sake van die maatskappy, delegeer hy sekere funksies aan die direksie se subkomitees en bestuur om die direksie te help om sy pligte behoorlik na te kom. Daar is toepaslike strukture vir hierdie delegering, asook gepaardgaande monitering- en rapporteringstelsels.

Elke subkomitee tree binne ooreengekome skriftelike opdragte op. Die voorsitter van elke subkomitee doen by elke gereëlde vergadering van die direksie verslag en notules van subkomiteevergaderings word aan die direksie verskaf.

Die voorsitter van elke subkomitee is 'n nie-uitvoerende direkteur en is verplig om algemene jaarvergaderings by te woon en vrae van aandeelhouers te beantwoord. Die bestaande direksie-subkomitees word hieronder bespreek.

Dagbestuur/uitvoerende komitee

Hierdie komitee bestaan uit 'n meerderheid van nie-uitvoerende direkteure, van wie een die voorsitter van die direksie is en ook as voorsitter van die dagbestuur dien, en die uitvoerende direkteure. Die dagbestuur tree namens die direksie op in die bestuur van dringende aangeleenthede wanneer die direksie nie in sitting is nie, onderhewig aan statutêre beperkings en die direksie se beperkings op delegering. Dit was nie vir hierdie komitee nodig om in die afgelope boekjaar amptelik te vergader nie. Alle sake wat voor die komitee gedien het, is op 'n rondomtaliegrondslag gehanteer.

Oudit-en-risikobestuurskomitee

Die lede van hierdie komitee is almal onafhanklik. Mnr Boetie van Zyl was die afgelope boekjaar die voorsitter en beskik oor finansiële leierskapvaardighede. Alle lede is finansieel geletterd en beskik oor omvattende sake- en finansiële kundigheid.

Die komitee het die afgelope boekjaar drie vergaderings gehou. Besonderhede van bywoning deur die lede van dié subkomitee verskyn in die tabel op bladsy 54 van hierdie jaarverslag. Die besturende direkteur en die finansiële direkteur woon die vergaderings van die oudit-en-risikobestuurskomitee op uitnodiging by.

Sowel die interne as die eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die komitee. Die eksterne ouditeur mag ook sy bevindings aan die komitee bekend maak terwyl lede van die uitvoerende bestuur nie teenwoordig is nie.

Die bestek van dié komitee sluit in risikobestuur en voldoening aan die noteringsvereistes van die JSE en die LSE. Die hoofverantwoordelikhede van die oudit-en-risikobestuurskomitee is onder meer om:

- aandag te gee aan alle sake wat kragtens die Suid-Afrikaanse Wysigingswet op Korporatiewe Wette, 2006 (wat op 14 Desember 2007 gepromulgeer is), deur 'n ouditkomitee gehanteer moet word
- die maatskappy se jaarverslae, tussentydse en voorlopige verslae na te gaan en by die direksie aan te beveel vir goedkeuring
- die eksterne ouditeur se verslae te ontvang
- die lewensvatbaarheid van die betrokke maatskappye en die groep self as 'n lopende saak te ondersoek en aanbevelings daaroor by die direksie in te dien
- belangrike litigasiesake na te gaan
- die eksterne ouditeur se planne, bevindings en verslae te evalueer en goed te keur
- die doeltreffendheid van die interne ouditfunksie, insluitend die aktiwiteite, bestek, toereikendheid en koste daarvan te evalueer, en die jaarlikse interne ouditplan en enige wesenlike veranderings daaraan goed te keur
- prosedures en stelsels wat deur bestuur ingestel is, te evalueer (insluitend, sonder beperking, interne beheermaatreëls, openbaarmakingsbeheer en -prosedures, en inligtingstelsels)
- die aktiwiteite, bestek, toereikendheid en doeltreffendheid van die maatskappy se risikobestuurs- en regulatoriese verwante prosedures te hersien en goed te keur
- regsaangeleenthede wat die finansiële state kan raak, te evalueer
- prosedures in te stel vir die hantering van klagtes wat die maatskappy ontvang rakende rekeningkundige, interne beheer- of ouditaangeleenthede

- beweerde voorvalle wat via die verklikkergeriewe aangemeld is, na te gaan
- die beginsels vir die gebruik van 'n eksterne ouditeur vir nie-ouditdienste te bepaal, en
- die doeltreffendheid van die komitee te evalueer.

Mensehulpbronnekomitee

Hierdie komitee, onder voorsitterskap van mnr Ton Vosloo, bestaan slegs uit onafhanklike, nie-uitvoerende direkteure. Uitvoerende direkteure en sekere lede van bestuur woon vergaderings op uitnodiging by, soos toepaslik. Hierdie komitee het die afgelope boekjaar vier keer vergader. Besonderhede van bywoning deur die lede van hierdie subkomitee verskyn in die tabel op bladsy 54 van hierdie jaarverslag.

Die hoofverantwoordelikhede van die mensehulpbronnekomitee is onder meer om:

- die maatskappy se algemene beleid oor vergoeding te bepaal
- vergoedingspakkette vir uitvoerende direkteure, insluitend bonusaansporingskemas en verhogings, jaarliks te hersien en goed te keur
- jaarliks die prestasie van die besturende direkteur/uitvoerende hoof te beoordeel
- gereeld die maatskappy se kode vir sake-etiek en die doeltreffendheid van die sake-etiekbestuursprogram te hersien
- jaarliks die algemene vlak van vergoeding vir lede van die direksie en sy komitees te hersien en voorstelle aan die direksie voor te lê vir finale goedkeuring deur aandeelhouers op 'n algemene vergadering
- gedelegeerde verantwoordelikhede ten opsigte van die groep se aandeelgebaseerde aansporingskemas na te kom
- aanstellings en bevorderings van top- uitvoerende hoofde goed te keur
- gevalle van onetiese sakegedrag, indien enige, deur senior bestuurders en uitvoerende hoofde van die maatskappy te evalueer, en
- planne ten opsigte van diensbillikheid en vaardigheidsontwikkeling te hersien.

Nominasiekomitee

Hierdie komitee is nou 'n selfstandige komitee, ook onder voorsitterskap van mnr Ton Vosloo, en bestaan slegs uit nie-uitvoerende direkteure. Uitvoerende direkteure en ander lede van die bestuur woon vergaderings op uitnodiging by. Hierdie komitee het die afgelope boekjaar vier keer vergader. Besonderhede van bywoning deur die lede van dié subkomitee verskyn in die tabel op bladsy 54 van hierdie jaarverslag.
Die hoofverantwoordelikhede van die komitee is onder meer om:

- jaarliks die doeltreffendheid van korporatiewe bestuursriglyne en die reglement van die direksie te hersien
- aanbevelings by die direksie te doen oor die struktuur, grootte en samestelling van die direksie
- die prestasie van die direksie, subkomitees daarvan, direkteure en die voorsitter te evalueer
- aanbevelings by die direksie in te dien ten opsigte van die aanstelling van nuwe direkteure, en
- kriteria vir direkteure te bepaal, soos beperkings op die getal direksies waarin 'n direkteur mag dien en ampstermyne.

Nakoming van verantwoordelikhede

Die direksie is van mening dat al die subkomitees hul verantwoordelikhede vir die jaar onder oorsig in ooreenstemming met hul opdragte nagekom het.

DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die maatskappysekretaris moet aan die direksie leiding gee oor die nakoming van hul verantwoordelikhede kragtens wetgewing en regulatoriese vereistes wat deur die relevante jurisdiksies gestel word.

Die direkteure het onbeperkte toegang tot die advies en dienste van die maatskappysekretaris. Die maatskappysekretaris speel 'n aktiewe rol in die maatskappy se korporatiewe en sake-etiekbestuursproses en verseker dat die verrigtinge en sake van die direktoraat, die maatskappy self en, waar toepaslik, aandeelhouers behoorlik geadministreer word. Hy is ook die maatskappy se openbare beampte, voldoeningsbeampte en gedelegeerde inligtingsbeampte. Die

maatskappysekretaris monitor direkteure se verhandelings in sekuriteite en verseker die nakoming van geslote tydperke vir aandeleverhandeling.

RISIKOBESTUUR

As 'n internasionale multimediagroep met sakebedrywighede in verskeie lande, is die groep aan 'n wye verskeidenheid risiko's blootgestel, waarvan sommige ernstige gevolge kan inhou.

Die gediversifiseerde aard van die groep help egter om risiko te versprei. Die identifisering van risiko's en die bestuur daarvan is deel van elke sake-eenheid se sakeplan. Dit word jaarliks deur die direksie geëvalueer.

Verskeie maatskappye in die groep het spesifieke risikobestuursfunksies. Die oudit-en-risikobestuurskomitee hersien ook die risikobestuursproses.

'n Internetbeheer-toesigkomitee is op die been gebring na Naspers se deregistrasie van die SEC. Aangesien die groep steeds verbind is tot hoë standaarde van korporatiewe bestuur en in die besonder sterk internetbeheer- en risikobestuurstelsels, is erkenning verleen aan die behoefte aan so 'n forum om hierdie sake te monitor.

Uit 'n verskeidenheid verwante blootstellings blyk dit dat die volgende groot risiko's tans bestaan:

Globale politieke en markverwikkelinge

Die Naspers-groep doen sake wêreldwyd in die media- en vermaaklikheidsbedryf met sy primêre notering op die JSE. Die groep se aansoek om die notering van sy ADA's op die LSE was suksesvol. Gevolglik is die groep sensitief vir globale politieke en ander gebeure wat die wêreldekonomie of aandeelpryse kan beïnvloed.

Mededinging en tegniese innovasies

Die groep werk in intens mededingende en soms ontwikkelende markte. Tegnologie is 'n geïntegreerde deel van sy bedrywighede. Verskeie drukmediaprodukte kan weens internetmededinging krimp. Die groep wy beduidende hulpbronne aan die ontleding van ontluikende tendense in tegnologie en verbruikersbehoeftes en belê ruim in die ontwikkeling van nuwe produkte en dienste, maar kan hom misgis in sy ontledings, óf dit kan gebeur dat sy projekte nie suksesvol is nie.

Valutaskommelings

Die groep maak sy resultate bekend in Suid-Afrikaanse rand, waarvan die wisselkoers met betrekking tot ander geldeenhede kan verander. Hierbenewens het die groep in verskeie markte aansienlike insetkoste in buitelandse valuta. Die bewegings van hierdie buitelandse valuta kan 'n negatiewe of positiewe uitwerking op ons inkomste of uitgawes hê. Ongerealiseerde en gerealiseerde omrekeningswinste of -verliese kan die groep se finansiële rekeninge verwring. Dit is die groep se beleid om net sommige van sy valutaposisies te verskans.

Wetgewing en regulasies

In die algemeen is die mediabedryf in die meeste lande aan staatsregulasies onderhewig. Versuim met, of vertragings in, die verkryging of hernuwing van regulatoriese goedkeuring kan die beskikbaarheid van ons dienste beïnvloed. Die Naspers-groep strewe om aan toepaslike wette en regulasies te voldoen. Om dit te vermag, werk die groep saam met en beraadslaag met die onderskeie reguleerders in die lande waarin hy bedrywig is. Hierbenewens neem die groep deel aan die regulatoriese prosesse in die onderskeie gebiede, soms in samewerking met sakevennote wat plaaslike kundiges is.

Politieke en ekonomiese onstabiliteit

Politieke onstabiliteit in enige van die lande waarin die groep bedrywig is, kan ons skade berokken. Die groep onderneem 'n aanvanklike risikobeoordeling voordat hy nuwe gebiede betree en monitor die heersende risiko's in die lande waarin hy sake doen.

Tegnologiese onderbrekings

Satellietonderbrekings: Die meeste van die groep se betaaltelevisiedienste word per satelliet aan intekenare gelewer. Satelliete kan beskadig of vernietig word, wat transmissie van dienste kan ontwrig. Sekere prosedures, wat wissel van rugsteunkapasiteit in sommige gevalle tot ingeboude oortolligheid, word gevolg om die beskikbaarheid van ons dienste te beveilig. Die koste van hierdie maatreëls word opgeweeg teen die waarskynlikheid dat die risiko sal

gebeur en die moontlike uitwerking daarvan, en gevolglik bly satelliete in sommige gevalle onbeskerm of slegs deels beskerm.

Elektrisiteitsvoorsiening: Die produksie en verspreiding van die groep se produkte hang af van konstante en hoëgehalte-elektrisiteitsvoorsiening. Die ekonomiese groei van Suid-Afrika oor die kort termyn plaas druk op die beperkte elektrisiteitsbronne. Die groep het maatreëls getref om die impak van kragonderbrekings te verminder (bv deur kragopwekkers te installeer), maar uitgerekte kragonderbrekings sal 'n negatiewe uitwerking op inkomste hê.

Drukfasiliteite: Skade of onklaarheid in die drukkerye sal die sirkulasie van die drukmedia ontwrig en inkomste verminder. Hierdie risiko word net deels beperk deur versekeringsdekking en rugsteuning.

INTERNE BEHEERSTELSELS

Die maatskappy het 'n interne beheerstelsel, gegrond op die groep se beleid en riglyne, in alle wesenlike filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings onder sy beheer. Ten opsigte van entiteite waarin Naspers nie 'n beherende belang het nie, poog direkteure wat Naspers in daardie entiteite se direksies verteenwoordig om die versekering te kry dat beduidende risiko's bestuur word en dat interne beheerstelsels doeltreffend is. Risikobestuurders en die interne ouditeure monitor die werking van die interne beheerstelsels en doen aanbevelings aan die bestuur en die oudit-en-risikobestuurskomitee. Eksterne ouditeure oorweeg elemente van die interne beheerstelsels as deel van hul oudit en meld geïdentifiseerde tekortkominge aan.

Alle interne beheerstelsels het egter tekortkominge, insluitend die moontlikheid van menslike foute en die ontduiking of verontagsaming van beheermaatreëls. Selfs die beste interne beheerstelsels kan ons slegs gedeeltelike gerusstelling bied. Die groep se interne beheerstelsels is ontwerp om redelike – nie absolute nie – gerusstelling oor die integriteit en betroubaarheid van die finansiële state te gee; om rekenpligtigheid van sy bates te beveilig, te verifieer en te handhaaf; en om bedrog, potensiële aanspreeklikheid, verlies en wesenlike wanvoorstelling op te spoor, terwyl die toepaslike wette en regulasies nagekom word. Die werk wat gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2007 ter voldoening aan die Sarbanes-Oxley-artikel 404 gedoen is, het die interne beheeromgewing verder versterk.

Die groep het sy interne beheerstelsels op 31 Maart 2008 geëvalueer met betrekking tot finansiële verslagdoening en die beveiliging van bates teen ongemagtigde aankope, gebruik of verkope. In die jaar onder oorsig het die interne beheerstelsel geen beduidende gebreke in interne beheer getoon nie.

INTERNE OUDIT

'n Interne ouditfunksie bestaan in die hele groep en is 'n onafhanklike evalueringsmeganisme wat die groep se prosedures en stelsels (insluitend interne beheermaatreëls, openbaarmakingsprosedures en inligtingstelsels) evalueer en verseker dat dit doeltreffend funksioneer. Die hoof van interne oudit doen verslag aan die voorsitter van Naspers se oudit-en-risikobestuurskomitee, met administratiewe rapportering aan die finansiële direkteur. Die jaarlikse interne ouditplan vir 31 Maart 2008, soos goedgekeur deur die oudit-en-risikobestuurskomitee, het gefokus op die verskaffing van bevestiging oor die doeltreffendheid van interne beheer oor finansiële verslagdoening. Die interne ouditveldwerk word na een van die groot ouditeursfirmas uitgekontrakteer.

VERHOUDINGE MET AANDEELHOUERS

Die maatskappy bly in gesprek met sy belangrikste finansiële gehore, veral institusionele aandeelhouers en ontleders. Die afdeling vir beleggersverhoudinge bestuur die wisselwerking met hierdie gehore en voorleggings vind na die publikasie van tussentydse en eindresultate plaas.

Die maatskappy se webwerf (**www.naspers.com**) verskaf die jongste en historiese finansiële en ander inligting, insluitend finansiële verslae. Die direksie moedig aandeelhouers aan om sy algemene jaarvergadering, waarvan die kennisgewing in hierdie jaarverslag vervat is, by te woon. Daar is geleentheid om vrae aan die direksie, bestuur en die voorsitters van die onderskeie direksie-subkomitees te stel.

SAKE-ETIEK

Ter ondersteuning van die vereistes van King II het die maatskappy sy sake-etiekbestuursproses binne die groep geformaliseer. Die kode vir sake-etiek vir die groep voldoen aan toepaslike regulatoriese vereistes.

Hierdie kode geld vir alle direkteure en werknemers in die groep. Om toe te sien dat maatskappye in die groep toepaslike prosesse vestig en 'n ondersteunende beleid en prosedures instel, is 'n deurlopende proses. 'n Belangrike fokus is spesifieke beleid en prosedures wat groot etiese risiko's dek, soos die bestuur van belangebotsings, die aanvaarding van onvanpaste geskenke, ens. Doeltreffende kommunikasie van en opleiding oor die kode vir sake-etiek is ook 'n fokuspunt.

Die mensehulpbronnekomitee is die algehele voog van die sake-etiekbestuursproses en sien toe dat daar aan die groep se kode voldoen word. Die dissiplinêre kodes en prosedures van die verskillende maatskappye in die groep word gebruik om voldoening te verseker aan die beleid en praktyke wat die oorkoepelende kode vir sake-etiek ondersteun. Onetiese gedrag deur senior personeellede, asook die wyse waarop die maatskappy se dissiplinêre kode ten opsigte hiervan toegepas word, word by die mensehulpbronnekomitee aangemeld.

Naspers is daartoe verbind om sy sake met integriteit te bedryf. Hierdie verbintenis is vervat in ons *integriteitsketting*, wat uitdrukking gee aan die leidende beginsels. Die groep verwag van alle direkteure en werknemers om sy verbintenis tot sake-etiek te deel.

VERGOEDINGSFILOSOFIE

Die vergoedingsbeleid en die uitvoering daarvan is die verantwoordelikheid van die mensehulpbronnekomitee.

Nie-uitvoerende direkteure kry jaarlikse vergoeding in plaas van fooie per vergadering. Dit is ter erkenning van die deurlopende verantwoordelikheid van direkteure vir die doeltreffende beheer van die maatskappy. Hierdie vergoeding word aangevul deur vergoeding vir dienste in die subkomitees van die direksie – asook filiaaldireksies. Die voorsitter van die direksie, asook die voorsitters van die subkomitees, ontvang 'n premie.

Die betrokke vergoeding word jaarliks hersien, met verwysing na mededingers en maatskappye wat 'n dubbelnotering op die JSE en 'n oorsese sekuriteitebeurs het. Onafhanklike advies word ingewin om direkteure se vergoeding te hersien. Hierdie vergoeding is nie aan die maatskappy se aandeelprys of prestasie gekoppel nie. Nie-uitvoerende direkteure kom nie in aanmerking vir deelname aan die groep se aandeelgebaseerde aansporingskemas nie. Die direksie beveel jaarliks die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure aan vir goedkeuring deur aandeelhouers.

Wat die vergoeding van uitvoerende hoofde betref, poog die groep om bevoegde en toegewyde leiers te lok, te motiveer en te behou in sy strewe om volhoubare aandeelhouerswaarde te skep. Ons poog om topprestasie te erken en entrepreneurs te kry om die groep verder uit te bou. Die vergoedingsfilosofie vir uitvoerende hoofde probeer hierdie doelstelling bereik. Die beleid fokus dus nie primêr op die gewaarborgde jaarlikse vergoedingspakket nie, maar op individuele aansporingsplanne wat aan die skepping van aandeelhouerswaarde gekoppel is.

Vergoedingspakkette word gemonitor en met gerapporteerde jaarlikse syfers vir vergelykbare poste vergelyk om te verseker dat dit billik is. Uitvoerende hoofde het 'n jaarlikse bonusskema, mits strategiese en bedryfsdoelwitte behaal of oortref word. As langtermynaansporing neem uitvoerende hoofde tipies deel aan aandeelgebaseerde aansporingskemas ten opsigte van Naspers N-aandele en, waar toepaslik, aandele of aandeelwaarderingsregte in hul onderskeie filiale. Hierdie toekennings vestig gewoonlik oor 'n tydperk van vier of vyf jaar.

Die vergoeding vir nie-uitvoerende direkteure vir die afgelope jaar, asook die vergoedingspakkette van uitvoerende direkteure, word op bladsye 104 en 105 van hierdie jaarverslag gepubliseer.

VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Naspers het vir die eerste keer 'n volhoubaarheidsverslag opgestel in ooreenstemming met die Global Reporting Initiative (GRI) – toepassingsvlak C. Die dokument is beskikbaar op ons webwerf (**www.naspers.com**).

Naspers is 'n uiteenlopende groep met internasionale werksaamhede regoor die wêreld, waarvan sommige binne die bestuursbeheer van die groep val en in die afdeling oorsig van werksaamhede in hierdie jaarverslag beskryf word.

Alle ondernemings onder die operasionele beheer van Naspers of sy beduidende filiale in Suid-Afrika is by die GRI-verslag ingesluit. Die meeste van hierdie bedrywighede en die impak daarvan het betrekking op Suid-Afrika vir die jaar geëindig 31 Maart 2008.

Naspers se werksaamhede is duidelik afgebaken in elektroniese (internet, betaaltelevisie, tegnologie) en drukmediaplatforms, en het risikoprofiele wat duidelik van mekaar onderskei kan word. Bestuur se benadering tot hierdie ondernemings is dus verskillend. MultiChoice Suid-Afrika en Media24 het afsonderlike GRI-verslae opgestel, wat op hul webwerwe by **www.multichoice.co.za** en **www.media24.com** onderskeidelik beskikbaar is.

Volhoubaarheidsverslae in ooreenstemming met GRI-beginsels deur sekere ondernemings buite Suid-Afrika sal in die komende boekjaar oorweeg word.

Die werkplek

Die vestiging van 'n gesonde, veilige werkplek by administratiewe en produksiefasiliteite is 'n prioriteit vir die groep. Waar nodig en in ooreenstemming met plaaslike vereistes, is gesondheids- en veiligheidskomitees – met toegewysde persone wat opleiding ontvang om hul vaardighede te verbeter – gestig om nakoming van die toepaslike regulasies te verseker. Toepaslike mediese nood- en rampherstelplanne is vir die bedryfseenhede ontwikkel.

Gereelde organisasie-, gesondheids- en veiligheidsrisikobeheer-oudits word deur bedryfseenhede uitgevoer en verbeterings word aangebring, indien nodig.

Welstand

Verskeie welstandprogramme word deur sommige van die groep se filiale bedryf in 'n voorkomende benadering tot die gesondheid van werknemers. Dit sluit programme in om werknemers te help om op te hou rook. Gratis oogtoetse word ook aangebied, en professionele en onafhanklike psigososiale ondersteuning word verleen aan personeel in baie van die groep se ondernemings.

MIV/vigs

Naspers is deeglik bewus van die MIV/vigs-pandemie in Afrika en die maatskaplike en ekonomiese implikasies van die siekte. Omvattende programme behels:

- inligtings- en bewusmakingsveldtogte
- vrywillige gratis toetsing
- gratis berading, en
- omvattende mediese behandelingsprogramme.

Omgewing

Ter erkenning van ons impak op die omgewing, veral deur die regstreekse vrystelling van kweekhuisgasse, het die groep 'n hoëvlak-risiko-impakstudie gedoen, soos in die tabel uiteengesit word. Die impak van die verskillende elemente is beoordeel binne die konteks van Naspers se ondernemings.

Media24 het gedurende 2007 'n kragdoeltreffendheids-oudit by sy hoofkantoor in Kaapstad gedoen om moontlike verbeterings te identifiseer. Suid-Afrikaanse werksaamhede sal in die komende jaar kyk hoe kragverbruik verder verbeter kan word.

Die Suid-Afrikaanse ondernemings het onlangs 'n ontleding gedoen van die moontlike impak van die huidige elektrisiteitskrisis op ons werksaamhede. Die groep het die afgelope paar jaar sowat R85 miljoen in kragopwekkers en ononderbroke kragtoevoerfasiliteite belê.

Verbintenis tot bemagtiging

Naspers ondersteun die strewe om voorheen benadeelde gemeenskappe in Suid-Afrika se hoofstroomekonomie te integreer.

Die Welkom-aandeleskema, wat in 1999 van stapel gestuur is, het in die 2007-boekjaar gesluit en elke R1 000 wat belê is, het 'n opbrengs van R31 000 gelewer. Die totale bedrag wat aan SEB-deelnemers uitbetaal is, het R235 miljoen beloop.

Media24 het met welslae 'n breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingskema, Welkom Yizani, afgesluit. Voortspruitend uit hierdie aandele-aanbod besit ongeveer 100 000 swart persone en swart groepe nou 'n indirekte belang in Media24 Beperk.

Kweekhuisgas: risiko en impak per platform onder bestuursbeheer	**Korporatief**	**Betaal-TV**	**Internet**	**Tegnologie**	**Drukmedia**
Kragverbruik	Laag	Medium	Medium	Laag	Hoog
Waterverbruik	Laag	Laag	Laag	Laag	Medium
Gebruik van afvoerwater	Laag	Laag	Laag	Laag	Medium
Vervoer	Laag (lugvervoer)	Laag	Laag	Laag	Medium (motors)
Afval	Laag (kantoor-papier en rekenaar-toerusting)	Laag (kantoor-papier en rekenaar-toerusting)	Laag (kantoor-papier en rekenaar-toerusting)	Laag (kantoor-papier en rekenaar-toerusting)	Medium (papier)
Regstreekse vrystellings	Laag	Laag	Laag	Laag	Hoog (drukkerye)

MultiChoice Suid-Afrika het twee suksesvolle bemagtigingstransaksies, Phuthuma Nathi en Phuthuma Nathi 2, afgehandel. Hierdie transaksies is saamgestel om werklik breedgebaseer te wees. Sowat 120 000 swart persone en groepe besit nou indirek aandele in MultiChoice Suid-Afrika Beherend (Eiendoms) Beperk.

Personeeldeelname en -ontwikkeling

Ons erken dat diversiteit noodsaaklik is vir die volhoubaarheid van ons sake.

Ons filiale gebruik 'n verskeidenheid deelnemingstrukture ten opsigte van sake wat werknemers regstreeks en wesenlik raak, en is ontwerp om goeie werkgewer/werknemer-verhoudinge te skep. Hulpmiddels is die doeltreffende verspreiding van toepaslike inligting, oorlegpleging en die oplossing van konflikte. Hierdie strukture omsluit doelwitte met betrekking tot produktiwiteit, loopbaansekuriteit, vereenselwiging met die groep en, waar van toepassing, plaaslike wetsvereistes.

Die groep fokus op diensbillikheidsteikens in sy Suid-Afrikaanse bedrywighede, insluitend die stel van spesifieke indiensnemingsteikens, mentorskappe vir voorheen benadeelde werknemers, die integrasie van liggaamlik gestremde persone, die bevordering van 'n omgewing wat vry is van diskriminasie teen vroue, en voorkeure ten opsigte van aankope. Diensbillikheidsteikens is in die sakeplanne van die Suid-Afrikaanse bedrywighede ingebou en prestasie word gemeet. Aandag word ook gegee aan spesifieke opleidingsbehoeftes vir geïdentifiseerde swart opvolgers.

Opvolgplanne vir senior bestuursposte word gereeld hersien.

Diens aan ons gemeenskappe

Die groep speel 'n aktiewe rol in die gemeenskappe wat hy dien. Ons fokus hoofsaaklik op geletterdheids- en opvoedkundige programme in Afrika.

DIREKTORAAT

TON VOSLOO

Ton Vosloo is in 1984 as besturende direkteur van Naspers Beperk aangestel en is sedert 1997 nie-uitvoerende voorsitter. Hy was van 1956 tot 1983 as 'n joernalis werksaam en van 1977 tot 1983 die redakteur van *Beeld*. Hy is 'n direkteur van Media24 en MultiChoice Suid-Afrika Beherend en voorsitter van MIH B.V., MIH Mauritius, MIH Beherend en onafhanklike nie-uitvoerende voorsitter van die direksie van Naspers. Hy is 'n voormalige voorsitter van Sanlam, M-Net en die WWF (SA).

RACHEL JAFTA

Rachel Jafta is medeprofessor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch, en 'n direkteur van Econex. Prof Jafta is voorsitter van die Helen Suzman-stigting en 'n direksielid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings. Sy is 'n lid van Naspers se oudit-en-risikobestuurskomitee, voorsitter van Media24 se oudit-en-risikobestuurskomitee en sy dien in Media24 se direksie. Sy is voorsitter van die Rachel's Angels-bemagtigingsprojek.

KOOS BEKKER

Koos Bekker het die span gelei wat M-Net in 1985 gestig het en was daarna tot 1997 uitvoerende hoof van die MIH-groep. Hy was ook 'n stigtersdirekteur van MTN. Hy is 'n direkteur van Media24, MIH B.V., MIH Mauritius, MIH Beherend, MultiChoice Suid-Afrika Beherend en ander maatskappye binne die breër groep. Hy dien ook in die plaaslike reëlingskomitee vir die 2010 Fifa Wêreldbeker-sokkertoernooi, en die raad van die Universiteit Stellenbosch. Hy is sedert 1997 uitvoerende hoof van Naspers. Hy is op 1 April 2008 weer in die direksie aangestel ná 'n sabbatsvakansie van een jaar.

STEVE PACAK

Steve Pacak het reeds in 1988 by die groep aangesluit en is 'n direkteur van MIH B.V., MIH Mauritius, MIH Beherend, MultiChoice Suid-Afrika Beherend, Media24 en ander maatskappye binne die breër groep. Hy is sedert 1998 'n uitvoerende direkteur van Naspers.

FRED PHASWANA

Fred Phaswana is voorsitter van Transnet, Ethos, Anglo American Suid-Afrika, Anglo Platinum Beperk en 'n direkteur van Anglo American plc. Hy is ook voorsitter van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede.

BEN VAN DER ROSS

Ben van der Ross is voorsitter van RMB Batebestuur (Eiendoms) Beperk. Hy dien ook op die direksies van die maatskappye Momentum Lewens, FirstRand, Pick 'n Pay Stores Beperk en Lewis Stores Beperk.

JAKES GERWEL

Jakes Gerwel het in 1999 as 'n direkteur by die Naspers-groep aangesluit. Hy was voorheen direkteur-generaal in die kantoor van oud-president Nelson Mandela, sekretaris van die kabinet en rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland. Prof Gerwel is die kanselier van Rhodes-universiteit en voorsitter van Brimstone Investment Corporation, die Suid-Afrikaanse Lugdiens, Media24 en Welkom Yizani. Hy dien in die dagbestuur en mensehulpbronne- en nominasiekomitees van Media24 en Naspers.

FRANCINE-ANN DU PLESSIS

Francine-Ann du Plessis is 'n direkteur van Loubser du Plessis Ing., geoktrooieerde rekenmeesters, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) van Suid-Afrika, die KWV-groep, Sanlam en die Suid-Afrikaanse Lugdiens. Adv Du Plessis is 'n lid van Naspers se oudit-en-risikobestuurskomitee.

BOETIE VAN ZYL

Boetie van Zyl is 'n lid van die direksies van MIH Beherend, MIH Mauritius, MIH B.V., Media24, Murray & Roberts, en 'n direkteur en trustee van die Vredesparke in Suid-Afrika. Hy is voorsitter van Naspers se oudit-en-risikobestuurskomitee, 'n lid van die oudit-en-risikobestuurskomitee van MIH en Media24, asook 'n lid van die mensehulpbronne- en nominasiekomitees van Media24 en Naspers.

NEIL VAN HEERDEN

Neil van Heerden is 'n trustee van die Universiteit van Wes-Kaapland, voormalige uitvoerende direkteur van die Suid-Afrika Stigting (tans Sakeleierskap) en 'n direkteur van Via Afrika en ander maatskappye.

HEIN WILLEMSE

Hein Willemse is 'n direksielid of trustee van verskeie organisasies en gemeenskapsliggame. Prof Willemse is hoof van die departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria.

LOURENS JONKER

Lourens Jonker is die eienaar van die Weltevrede-wynlandgoed naby Bonnievale in Suid-Afrika. Hy is 'n direkteur van Absa en 'n voormalige voorsitter van die KWV-groep.

DIREKTEURE

	Eerste datum aangestel in huidige posisie	Laaste datum aangestel	Vyf direksie-vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning:	Kategorie
T Vosloo	6 Oktober 1997	24 Augustus 2007	5	Onafhanklik, nie-uitvoerend
F-A du Plessis	23 Oktober 2003	25 Augustus 2006	5	Onafhanklik, nie-uitvoerend
G J Gerwel	12 Julie 1999	3 September 2004	5	Onafhanklik, nie-uitvoerend
R C C Jafta	23 Oktober 2003	25 Augustus 2006	5	Onafhanklik, nie-uitvoerend
L N Jonker	7 Junie 1996	24 Augustus 2007	4	Onafhanklik, nie-uitvoerend
S J Z Pacak	24 April 1998	24 April 1998	5	Uitvoerend
T M F Phaswana	23 Oktober 2003	25 Augustus 2006	5	Onafhanklik, nie-uitvoerend
B J van der Ross	12 Februarie 1999	26 Augustus 2005	4	Onafhanklik, nie-uitvoerend
N P van Heerden	7 Junie 1996	24 Augustus 2007	5	Onafhanklik, nie-uitvoerend
J J M van Zyl	1 Januarie 1988	26 Augustus 2005	5	Onafhanklik, nie-uitvoerend
H S S Willemse	30 Augustus 2002	24 November 2006	5	Onafhanklik, nie-uitvoerend

J P Bekker is weer op 1 April 2008 as direkteur aangestel ná 'n sabbatsvakansie van een jaar.

KOMITEES

	Uitvoerende komitee	Oudit-en-risikobestuurs-komitee		Mensehulp-bronnekomitee[1]		Nominasie-komitee[1]		Kategorie
	Geen vergadering is gedurende die jaar gehou nie.	Drie vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning:		Vier vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning:		Vier vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning:		
T Vosloo		√	3	√	4	√	4	Onafhanklik, nie-uitvoerend
F-A du Plessis		√	3					Onafhanklik, nie-uitvoerend
G J Gerwel				√	4	√	4	Onafhanklik, nie-uitvoerend
R C C Jafta		√	3					Onafhanklik, nie-uitvoerend
L N Jonker								Onafhanklik, nie-uitvoerend
S J Z Pacak[2]								Uitvoerend
B J van der Ross								Onafhanklik, nie-uitvoerend
N P van Heerden								Onafhanklik, nie-uitvoerend
J J M van Zyl		√	3	√	4	√	4	Onafhanklik, nie-uitvoerend

Aantekeninge

1. *Die verantwoordelikhede van die mensehulpbronne- en nominasiekomitee is geskei en die nominasiekomitee is nou 'n selfstandige komitee.*
2. *Uitvoerende direkteure woon vergaderings op uitnodiging by.*

Mnr J P Bekker is weer op 1 April 2008 in die direksie aangestel ná 'n sabbatsvakansie van een jaar.

GROEPSEKRETARIS

G M Coetzee
Heerengracht 40
Kaapstad 8001
Suid-Afrika

GEREGISTREERDE KANTOOR

Heerengracht 40
Kaapstad 8001
Suid-Afrika
Posbus 2271
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 (0)21 406 2121
Faks: +27 (0)21 406 3753

REGISTRASIENOMMER

1925/001431/06
Geïnkorporeer in Suid-Afrika

OUDITEUR

PricewaterhouseCoopers Ing.

OORDRAGSEKRETARIS

Link Market Services South Africa (Eiendoms) Beperk
(Registrasienommer: 2000/007239/07)
Posbus 4844, Johannesburg 2000
Suid-Afrika
Tel. +27 (0)11 630 0800
Faks: +27 (0)11 834 4398

ADB-PROGRAM

The Bank of New York Mellon bedryf 'n Global BuyDIRECT™-plan vir Naspers Beperk.
Vir bykomende inligting, besoek gerus
The Bank of New York se webwerf by
www.globalbuydirect.com
of skakel Aandeelhouersbetrekkinge (Shareholder Relations)
by 1-888-BNY-ADRS
of 1-800-345-1612 of skryf aan:
The Bank of New York Mellon
Shareholder Relations Department –
Global BuyDIRECT™
Church Street Station
P O Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA

BORG

Investec Bank Beperk
(Registrasienommer: 1969/004763/06)
Posbus 785700, Sandton 2146
Suid-Afrika
Tel: +27 (0)11 286 7326
Faks: +27 (0)11 286 9986

PROKUREURS

Jan S de Villiers
Posbus 1474, Kaapstad, 8000
Suid-Afrika

BELEGGERSVERHOUDINGE

M Horn
meloy.horn@naspers.com
Tel: +27 (0)11 289 3320
Faks: +27 (0)11 289 3026

www.naspers.com

ONTLEDING VAN AANDEELHOUERS EN AANDEELHOUERSDAGBOEK

ONTLEDING VAN AANDEELHOUERS

Grootte van aandeelhouding	Getal aandeelhouers	Getal aandele besit
1 – 100 aandele	22 163	534 043
101 – 1 000 aandele	20 499	5 836 131
1 001 – 5 000 aandele	4 639	7 574 332
5 001 – 10 000 aandele	581	3 914 748
Meer as 10 000 aandele	1 434	385 450 157

Geografiese verspreiding van aandele gehou deur institusionele aandeelhouers	%
Suid-Afrika	54,84
Verenigde State	31,41
Verenigde Arabiese Emirate	1,79
Verenigde Koninkryk	5,81
Res van Europa	2,22
Singapoer	1,12
Res van Asies-Pasifiese streek	0,30
Ander	2,51

Die volgende aandeelhouers besit 5% en meer van die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy:

Naam	Getal aandele besit
Coronation Fondsbestuurders (Eiendoms) Beperk	37 045 206
Dodge & Cox Incorporated	36 061 893
Old Mutual Batebestuurders (OMBB)	31 648 434
Openbare Beleggingskommissaris	25 393 595

Openbare aandeelhouersverspreiding

Na die direkteure se beste wete was die verspreiding van openbare aandeelhouers ooreenkomstig paragraaf 4.25 van die JSE Beperk se noteringsvereistes op 31 Maart 2008 91,62%, verteenwoordig deur 49 302 aandeelhouers wat 369 538 454 N- gewone aandele in die maatskappy besit.

Die nie-openbare aandeelhouers van die maatskappy, wat bestaan uit 14 aandeelhouers wat 33 770 956 N- gewone aandele verteenwoordig, word soos volg ontleed:

Kategorie	Getal aandele	% van uitgereikte aandelekapitaal
Direkteure	1 166 675	0,29
Aandeletrusts	27 809 602	6,90
Geassosieerde maatskappye	4 794 679	1,19

AANDEELHOUERSDAGBOEK

Algemene jaarvergadering	Augustus
Verslae	
Tussentydse verslag vir halfjaar tot September	November
Aankondiging van jaarresultate	Junie
Finansiële jaarstate	Julie
Dividend	
Verklaring	Augustus
Betaling	September
Finansiële jaareinde	Maart